



BESTEK	
Ou Testament	2 Samuel 1 – 3
Nuwe Testament	1 Korinthiërs 14 - 15
Les	Les 1 – 9

Afdeling A – 2 Samuel 1 – 3

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Wat was Saul se seun se naam? (2 Sam 1:4)
a) Amalek. b) SÍklag. c) Jónatan. d) Dawid
- 1.2 Watter lied moes die Israeliete leer na Saul se afsterwe? (2 Sam 1:18)
a) Pylkokerlied b) Harplied c) Swaardlied d) Booglied
- 1.3 Van watter volk was die man wat Saul doodgemaak het? (2 Sam 1:8 - 10)
a) Amalekiet b) Israeliet c) Egiptenaar d) Filistyn
- 1.4 Wat het Dawid met die man laat doen wat Saul doodgemaak het? (2 Sam 1:15)
a) Geskenke gegee b) Dood gemaak c) Dankie gesê d) weggejaag
- 1.5 In watter boek is die lied opgeteken wat Israel moes leer na Saul se afsterwe? (2 Sam 1:18)
a) Psalms b) Saul se Kronieke c) 2 Samuel d) Boek van die Opregte
- 1.6 Waarnatoe het die Here gesê moet Dawid trek? (2 Sam 2:1)
a) Karmel b) Gilbóa c) Hebron d) Amalek
- 1.7 Hoeveel vroue het Dawid gehad wat saamgetrek het? (2 Sam 2:2)
a) vier b) vyf c) twee d) drie
- 1.8 Wie het Saul begrawe? (2 Sam 2:4)
a) Die manne van Jabes b) Die kinders van Gílead c) Die Feresiete d) Die soldate
- 1.9 Wie was Saul se leërowerste? (2 Sam 2:8)
a) Efraim b) Benjamin c) Ner d) Abner
- 1.10 Wat is die naam van Saul se seun wat koning geword het van Israel? (2 Sam 2:10)
a) Abner b) Isbóset c) Asdod d) Ikabod

Vraag 2 Voltooi die volgende verse en vul die antwoord op die antwoordstel in:

armband, Filistyne, verbond, onskuldig, kroon
Abner, Israel, ramshoring, Dawid, Amnon

- 2.1 Toe blaas Joab op die A, en al die manskappe het stilgestaan en Israel nie langer agternagejaag en nie verder meer geveg nie. (2 Sam 2:28)
- 2.2 En vir Dawid is daar seuns in Hebron gebore. En sy eersgeborene was B, by Ahínoam uit Jísreël. (2 Sam 3:2)
- 2.3 Daarop het Abner boodskappers na Dawid in sy plek gestuur om te sê: Aan wie behoort die land? en: Sluit u C met my; en kyk, my hand sal met u wees om die hele Israel na u toe oor te bring. (2 Sam 3:12)
- 2.4 Gister sowel as eergister het julle aldeur D as koning oor julle begeer. (2 Sam. 3:17)
- 2.5 Deur die hand van my kneg Dawid sal Ek my volk E uit die hand van die F en uit die hand van al hulle vyande verlos. (2 Sam 3:17-18)

- 2.6 Toe Dawid dit daarna hoor, sê hy: Ek en my koninkryk is voor die HERE vir ewig G aan die bloed van H, die seun van Ner. (2 Sam 3:28)
- 2.7 En ek het by hom gaan staan en hom van kant gemaak, want ek het geweet dat hy ná sy val nie sou leef nie; en ek het die I wat op sy hoof en die J wat om sy arm was, geneem en dit hier na my heer gebring. (2 Sam 1:10)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Dawid was baie hartseer toe Saul & Jónatan oorlede is. (2 Sam 1:12)
- 3.2 Dawid het Saul se moordenaar laat dood maak. (2 Sam 1:15)
- 3.3 Dawid was vir Jónatan so lief soos vir 'n broer. (2 Sam 1:26)
- 3.4 Dawid het meer as een vrou gehad. (2 Sam 2:2)
- 3.5 Dawid het toe dadelik koning geword oor die hele volk Israel. (2 Sam 2:10)
- 3.6 Saul se seun, wat hom opgevolg het, se naam was Abner. (2 Sam 2:10)
- 3.7 Die plek waar die jongmanne mekaar gejaag & doodgemaak het, se naam is Veld van Swaardskerptes. (2 Sam 2:16)
- 3.8 Die oorlog tussen Saul se nageslag & Dawid se nageslag is vinnig verby. (2 Sam 3:1)
- 3.9 Dawid wou nie met Abner 'n verbond sluit nie. (2 Sam 3:12-13)
- 3.10 Abner & Joab het by die poort by Hebron vrede gemaak. (2 Sam 3:27)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Hoe oud was Isbóset toe hy koning oor Israel geword het, en hoe lank het hy regeer? (2 Sam 2:10)
- 4.2 Hoe lank het Dawid oor die huis van Juda regeer? (2 Sam 2:11)
- 4.3 Wat was Saul se byvrou se naam? (2 Sam 3:7)
- 4.4 Wie het Abner doodgemaak? (2 Sam 3:27)
- 4.5 Hoekom is Abner doodgemaak? (2 Sam 3:27)

35 Punte

Afdeling B – 1 Korinthiërs 14 - 15

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Watter geestelike gawe moet ons najaag volgens 1 Kor 14:1?
a) liefde b) tale spreek c) gebed d) geloof
- 5.2 Paulus sê sy verstand is _____ as hy in 'n taal bid. (1 Kor. 14:14)
a) besig b) deurmekaar c) onvrugbaar d) onseker
- 5.3 As iemand in 'n taal spreek, wie stig hy? (1 Kor. 14:4)
a) homself b) die gemeente c) die gemeenskap d) die ouderlinge
- 5.4 As iemand profeteer, wie stig hy? (1 Kor. 14:4)
a) homself b) die gemeente c) die gemeenskap d) die ouderlinge
- 5.5 Wat is volgens 1 Kor. 14:5 beter?
a) om in tale te spreek b) om te bid c) om te profeteer d) om te glo
- 5.6 Tale spreek is 'n teken vir _____? (1 Kor. 14:22)
a) heidene b) Grieke c) gelowiges d) ongelowiges
- 5.7 Profesie is 'n teken vir _____? (1 Kor. 14:22)
a) Grieke b) heidene c) ongelowiges d) gelowiges
- 5.8 Die belangrikste, is dat alles in die gemeente tot _____ sal wees. (1 Kor. 14:26)
a) stigting b) verheerliking c) onderskeid d) openbaarmaking
- 5.9 Wat mag vroue nie in die gemeentes doen nie volgens 1 Kor. 14:34?

- a) Nagmaal gebruik b) spreek c) sing d) opstaan
5.10 Op die hoeveelste dag is Jesus opgewek volgens die Skrifte? (1 Kor. 15:4)
derde b) sesde c) negentiende d) veertigste

Vraag 6 Voltooi die volgende verse en vul jou antwoord op die antwoordstel in:

troos, vyf, bemoediging, uitleë, tienduizend, opgewek,

God, stigting, klank, opstanding

- 6.1 Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot A . (1 Kor. 14:2)
6.2 Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van B en C en D (1 Kor. 14:3)
6.3 Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en geeneen daarvan is sonder E nie. (1 Kor. 14:10)
6.4 Daarom moet hy wat in 'n taal spreek, bid dat hy dit kan F . (1 Kor. 14:13)
6.5 Maar in die gemeente wil ek liever G woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as H woorde in 'n taal. (1 Kor. 14:19)
6.6 As daar geen I van die dode is nie, dan is Christus ook nie J nie. (1 Kor. 15:13)

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes. (1 Kor. 15:33)
7.2 Wees sondig op die regte manier, en nie nugter nie. (1 Kor. 15:34)
7.3 Daar is hemelse liggame en aardse liggame. (1 Kor. 15:40)
7.4 Die eerste mens, Adam, was 'n lewende siel (1 Kor. 15:45)
7.5 Vlees en bloed sal die koninkryk van God beërwe.. (1 Kor. 15:50)
7.6 Wees standvastig, onbeweeglik en altyd oorvloedig in die werk van die Here. (1 Kor. 15:58)
7.7 Laat alles welvoeglik en ordelik gaan. (1 Kor. 14:40)
7.8 Laat een of twee profete spreek en die ander dit beoordeel. (1 Kor. 14:29)
7.9 Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede. (1 Kor. 14:33)
7.10 En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie. (1 Kor. 14:27)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 As iemand meen dat hy 'n profeet of geestelike mens is wat moet hy erken? (1 Kor. 14:37)
8.2 Waarvoor het Christus gesterf? (1 Kor. 15:3)
8.3 Vir watter rede sou die prediking en ook geloof tevergeefs gewees het? (1 Kor. 15:14)
8.4 Watter twee dinge moet die broeders doen in 1 Kor 14:39? (2)

35 Punte

**Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is en
vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 9.1 Die Psalmdigter leer dat die Woord van God 'n lamp is vir ons voet en 'n lig vir ons pad. (Les 1)
- 9.2 Die Bybel is 'n versameling van 64 boeke. (Les 1)
- 9.3 Jesus was die grootste profeet. (Les 1)
- 9.4 Die Bybel is stories wat mense opgemaak het. (Les 2)
- 9.5 Die Here skryf die Wet op twee kliptafels neer. (Les 2)
- 9.6 Die oorspronklike weergawe van die Bybel was gedruk. (Les 2)
- 9.7 Die woord "Messias" beteken gesalfde. (Les 2)
- 9.8 Die vier beskrywings van die evangelie is Mattheus, Markus, Lukas en Johannes. (Les 2)
- 9.9 Diere is ook na die beeld van God geskape. (les 4)
- 9.10 Henog het nie naby God geleef en God gedien nie. (les 6)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op jou antwoordstel in:

Farao, Paradys, geloof, ontstaan, goed, moord, Isak, Henog, hoogtepunt, Woord

- 10.1 Alles wat God gemaak het was A. (Les 4)
- 10.2 God skep die mens as die B van die skepping. (Les 4)
- 10.3 In Heb. 11:3 leer ons die volgende woorde: "Deur die C verstaan ons dat die wêreld deur die D van God voorberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie E het uit sienlike dinge nie." (Les 4)
- 10.4 Die tuin van Eden se ander naam is die F. (Les 5)
- 10.5 Die eerste G word gepleeg deur Kain. (Les 6)
- 10.6 Toe Abram 100 jaar oud was is H gebore. (Les 7)
- 10.7 Moses word in die paleis van die I grootgemaak. (Les 8)
- 10.8 J was 'n besondere man wat uit die nageslag van Set gebore is. (Les 6)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Die Bybel bestaan uit ____ boeke. (Les 1)
- 11.2 Die Bybel is die _____ van God (Les 1)
- 11.3 Deur Wie het alles ontstaan? (Les 4)
- 11.4 Hy word in die Bybel die vader van die gelowiges genoem. (Les 3)
- 11.5 Gee die name van die twee bome in die middel van die tuin. (Les 5)(2 punte)
- 11.6 Hoeveel mense is saam met Noag gered van die vloed? (Les 6)
- 11.7 Wat moes Abraham met Isak gaan doen volgens die opdrag van die Here? (Les 7)
- 11.8 Wat moes die Israeliete aan die deurkose verf? (Les 8)
- 11.9 Waardeur ken ons ons sonde? (Les 9)

30 Punte
Totaal: 100 Punte